

## Die belangrikheid van Strategiese Voeding

*Deur Abraham Landman, Produksie Adviseur Weskaap – Mei 2014*

---

Die belangrikheid van strategiese voeding word by ten minste 1 uit elke 3 boeredae beklemtoon en tog kan die vraag gevra word: “Hoeveel van ons skaapboere gee die nodige aandag aan korrekte voeding?” Die leser kan die vraag self antwoord. Die belangrikheid van verhoogde reproduksie vir ‘n verhoging in winsgewendheid van wolskaap boerdery kan nie oorbeklemtoon word nie.

Lourens en Elana Swart, produsente van Swellendam in die Wes-Kaap en ‘n Demo-plaas van die NWKV Adviesdienste, het uit hulle eie besluit om die effek van strategiese voeding te toets. Hulle doen reeds ‘n geruime tyd ‘n klomp goed reg, maar het besef dat hulle kan en graag beter wíl doen. Verder wou hulle eers ‘n klein proefie op die plaas doen om te sien of dit werk omdat elke plaas se omstandighede kan verander. Die

### **Metode & Beskrywing**

Hulle het 44 SA Vleismerino ooie op ‘n Optimix 20 voermengsel (300g/ooi/dag) gesit. Die ramme is Oktober 2013 by die ooie ingesit vir 35 dae. Die ooie is eers gekoggel, voordat die ramme in is. Die voeding is vanaf 3 weke voor paring verhoog na 500g/ooi/dag tot 3 weke nadat die ramme uitgehaal is. Die voeding is toe verlaag tot vlakke soos voorheen teen 300g/ooi/dag. Die beginsels hier ter sprake is dat die ooie deur verhoogde voeding geprikkel is en verder het die beter voeding na paring ondersteuning gebied sodat die embrio kon koppel in die baarmoeder.

Skandering is gedoen op 40 dae nadat die ramme uitgehaal is. Tabel 1 dui die skandeer syfers en die hoë aantal 2-linge ge“scan”, 50% van die ooie, is opmerklik en prysenswaardig. Die persentasie droë ooie is bietjie hoog, maar die steekproef kan bietjie klein wees en moet bygesê word dat 2 van die 9 ooie nog ongewisselde ootjies was. Die “scan%” uitgedruk as die aantal lammers ge“scan” per ooie gepaar is 129.5%.

**Tabel 1**

	<u>Scan syfers</u>	<u>Scan persentasies</u>
1-ling Ooie	13	30%
2-ling Ooie	22	50%
Droë Ooie	9	20%
<b>Totaal</b>	<b>44</b>	<b>100%</b>

Die sukses van hierdie verbeterde strategiese voeding het vir Lourens en Elana laat besluit om ook hierdie voedings beginsel uit te brei na die res van die skaapvertakking wat Merinos is. Hulle het ook die Vleismerinos se voeding verbeter met ‘n hoër deurvloei proteïene en 4 weke voor lam begin met 900g/ooi/dag en sal daarmee aanhou tot 5 weke na lam. Die resultate van hierdie goeie werk is nog lank nie verby nie en kan lei tot verbeterde reproduksie in die volgende seisoen, lammers wat vinniger en beter groei. Klein veranderingtjies kan soms ‘n groot verskil maak in elkeen se boerdery. Waag en Wen! Welgedaan Lourens en Elana, doen so voort!